

Woensdag 18 Mei

Skrifgedeelte: Handeling 1:1-8; NGB Art. 11

Fokusgedeelte: Handeling 1:8

Die Heilige Gees maak die kerk getuies van Jesus

Enige persoon wat 'n innerlike verandering ondergaan het, sal dit noodwendig na buite wys. Dit sal sigbaar wees. Strome van lewende water sal uit ons binneste stroom (Joh. 7:39). Dissipels van Jesus het deur die inwoning van die Heilige Gees 'n lewegewende effek op mense wat hulle pad kruis.

Dit is sigbaar in die persoonlike lewe van dissipels, maar ook in die kerk, die liggaam van Christus. Die Heilige Gees herinner ons (Joh. 14:26) aan Jesus se woorde, en só is die kerk getuies van die verlossing in Jesus. Die kerk is draer van die evangelie van Jesus Christus.

Hierdie voorreg en opdrag word deur Jesus aan die kerk gegee net voor sy hemelvaart (Hand. 1:8). Jesus se woorde is nie sommer blote herhaling wanneer Hy praat van Jerusalem en Judea, Samaria en die uithoeke van die wêreld nie. Dit praat juis van die uitkringende werk van die Gees, soos wat die kerk oor die wêreld heen uitbrei, getuies word in nuwe kringe. Die eerste gemeente ontstaan in Jerusalem en die omliggende gedeeltes van Israel (Judea). En spoedig word die evangelie ook gebring in Samaria, waar daar nie-Jode was wat bekend was met die Ou Testament (Hand. 8:4 ev). En uiteindelik ook in "heidense" gebiede, soos geteken in Handeling 10 en baie ander. Dit is opvallend dat, telkens as die evangelie so deurbreek na 'n nuwe kring (gebied), dit gepaardgaan met die kragtige werk van die Heilige Gees deur 'n sigbare manifestering van die werking van die Gees, deur taalwonders en ook selfs opwekkings uit die dood. Só bevestig die Here dat die boodskap van Jesus geglo kan word – Hy bring nuwe lewe!

Dit is ongelukkig so dat baie mense dink dat wonders en tale die teken is van die werking van die Heilige Gees. Maar eintlik is die teken van die werk van die Heilige Gees eerder in die getuienis van die kerk (ek en jy!).

Gebed: Here, werk deur u Gees só in my dat mense wat my pad kruis, die getuienis oor Jesus sal beleef! Gee my die krag daartoe deur u Gees! Amen.

Sing: Skrifberyming 5-3:1, 5

Dr. AJ Krüger (Braam) (Benoni)